



Leenwoorde



Graad 4: Afrikaans



Waar kom ons taal vandaan?

Ons land se mense stam uit Suidelike Afrika en ander dele van Afrika, Europa, Asië en elders.



Jan van Riebeeck

Jan van Riebeeck het van Nederland gekom.





Khoisan - kliktaal

Sommige van ons Afrikaanse woorde is van die Khoisan af geleen.



Britse Setlaars en Franse Hugenote

Sommige van ons woorde het 'n Engelse of Franse oorsprong.



Afrikaans is my taal

Local is lekker!



As jy op soek is na suiwer Afrikaans?



Dit

bestaan

nie!




Wat is 'n leenwoord?

'n Leenwoord is 'n woord wat vanuit een taal in 'n ander taal opgeneem is. Die woord is dus van 'n ander taal “geleen” eerder as om 'n nuutskepping daarvoor te maak.



Afrikaanse leenwoorde



denim (nw.) Dié woord is ook nie Amerikaans nie. Die stof is oorspronklik in Nîmes in Frankryk vervaardig en het bekend gestaan as "serge de Nîmes" (letterlik: materiaal uit Nîmes). Die "serge" het mettertyd weggeval en net die "de Nîmes" het oorgebly.



fundi (ook "foendi" of "foendie") - Afgelei van die Zulu- en Xhosawoord vir "onderwyser", "umfundisi", wat afgelei is van "funda", wat beteken "lees".




pamflet (nw.) Afgelei van die titel van 'n Latynse liefdesgedig "Pamphilus" wat blykbaar fisiek van een persoon na die volgende aangegee is.




Waar kom dit vandaan?

Die **HAT** is 'n verklarende woordeboek. Dit vertel ons waar al ons Afrikaanse woorde vandaan kom en ook wat elke woord beteken.

Die
restaurant se
wyn was sag op
die tong.



re-stou-rant', (-e, -s). (<F.) Óók restaurant.
Openbare inrigting van behoorlike gehalte waar
voorbereide etes en drank bedien word: *In 'n
restaurant die middagmaal geniet.* restourant'-
houer.



Leenwoorde

Kurt en sy gesin berei vir hulle gaste 'n groot maaltyd met 'n verskeidenheid tipes Suid-Afrikaanse disse voor, eerder as om hulle na 'n **restaurant** te neem. Hulle kuier onder die groot **maroela**boom by die **tambotie**houttafel. Kurt se ma het **katjiepierings** op die tafel gesit sodat dit lekker ruik. Vir 'n voorgereg het hulle **tjokka** wat Kurt se pa op **sosatie**stokkies geryg het. Hulle hoofgereg is 'n keuse tussen **bredie** en **bobotie**, voorgesit met **kaboemielies**. Jos gooi sy kos vol **blatjang**! Na ete **baljaar** die kinders op die grasperk. Hulle hardloop deur **dongas** en **abba** mekaar. Kurt sê waarskuwend dat hulle op die uitkyk moet wees vir reptiele soos **geitjies**, maar ook **mambas**! Dié slang is 'n regte **swernoot** en vreet beslis nie **goggas** nie!



Woord	Definisie	Taal van oorsprong
Maroela	ma·roe'la, (-s). Bosveldse boom wat geel vrugte dra, <i>Scherocarya caffra</i> , met eetbare pitkern en 'n okkerneutagtige smaak.	Sotho
Blatjang	blat'jang. Ingemaakte kruiesous, o.a. van asyn, vrugte, rissies gemaak om met vleis of vis te eet.	Maleis
Mamba	mam'ba, (-s). (< Z.) Besonder giftige slang van die geslag <i>Dendroaspis</i> ; die swart mamba word ongeveer 4,28 m lank en is baie aggressief; die groen mamba word van 2,13 tot 2,74 m lank en is minder aanvallend van aard.	Zoeloe
Restaurant	re·stou·rant', (-e, -s). (< F.) Ook restaurant. Openbare inrigting van behoorlike gehalte waar voorbereide etes en drank bedien word: <i>In 'n restaurant die middagmaal geniet. restaurant'-houer.</i>	Frans
Tambotie	tam·bo'tie. (< Z.) Groot, blaarwisselende boom van die Bosveld en verder suid tot in die Transkei, wat van 6 tot 9 m hoog word en pragtige, olieagtige, donkerbruin hout lewer; <i>Spirostachys africanus</i> : <i>Tambotie word soms die onverganklike hout genoem.</i>	Zoeloe

Woord	Definisie	Taal van oorsprong
Tjokka	tjok'ka, (-s). Inkvis met 10 vangarms wat as aas gebruik word by die visvangs; seekatsoort; <i>Sepia officinalis</i> .	Portugees
Katjiepiering	kat-jie-pie'ring, (-s). (Mal.) 1. Struik met 'n wit of liggeel blom met 'n besonder aangename geur, oorspronklik afkomstig uit Oos-Indië; <i>Gardenia jasminoides</i> . 2. Blom van dié struik: <i>En orals in die tuin rond ruik jy sering en roos, jasmyn en katjiepiering</i> (C. L. Leipoldt). katjiepiering: ..boom, ..bos, ..heuning.	Maleis
Abba	ab'ba ¹ . Vader — aanspreek vorm van God: <i>En Hy sê Abba, Vader</i> (Mark. 14:36). ab'ba ² . I s.nw. (-s). Aanbousel wat teen 'n buitemuur leun. II ww. (geabba). Op die rug dra: <i>Die baba word geabba. abba: ..kaggel, ..karos, ..kind, ..vel.</i>	Koranna
Geitjie	gei'tjie, (-s). 1. Lelike maar onskadelike akkedisagtige diertjie van die fam. <i>Gekkonidae</i> , wat gewoonlik snags bedrywig is en bedags wegkruip en waarvan 'n sekere soort dikwels in geboue hou; gekko. 2. (fig.) Mens met 'n kwaai humeur en skerp tong: <i>Sy is 'n regte klein geitjie.</i>	Nama
Donga	don'ga, (-s). (Nguni) Droë spoelsloot. don'gaveld.	Nguni

Woord	Definisie	Taal van oorsprong
Swernoot	swer'noot, (swérnote; -jie). Ook swernoter. Nare vent, gemene kêrel, ellendeling — gewoonlik as skeldnaam; ook, duiwel: <i>Die ou swernoot wou nie eers na my luister nie. Dit kan jy van die swernoot verwag. Jou swernoot! So 'n swernoot!</i> UITDR.: <i>Iemand op sy swernoot gee</i>, hom 'n loesing, pak slae gee. <i>Die swernoot in wees</i>, kwaad wees. <i>Gaan loop na die (jou) swernoot</i> - as verwensing van iemand vir wie 'n mens baie kwaad is. <i>Hy (die bedryf, ens.) is na die (sy) swernoot</i>, het misluk, is bankrot, ens. <i>Wat die swernoot wil jy hê?</i> — as verwensing aan 'n laspos.	Duits
Bobotie	bo-bo'tie. Gereg van gemaalde vleis met o.a. kerrie, brood, uie en eiers of 'n eierkorsie.	Maleis
Baljaar	bal-jaar', ww. ((ge)baljaar). Op luidrugtige wyse speel, stoei, rondspring: <i>Baljarende seuns.</i> baljaar: ..der, ..derig, ..dery.	Portugees
Sosatie	so-sa'tie, (-s). Vleisrepië in kerrie en kruie ingelê en dan aan 'n spit geryg en gebraai.	Maleis

Woord	Definisie	Taal van oorsprong
Bredie	bre'die, (-s). 1. Vleis met uie en rissies gesmoor en met groente gestowe; ragout. 2. Plant van die geslag <i>Rumex</i> . UITDR.: <i>Van iemand bredie maak</i> , hom papslaan, kafloop.	Portugees
Gogga	gog'ga, (-s; -tjie). Ook gô, gog. 1. Benaming vir enige insek of kruipende diertjie, veral een wat lelik, grieselrig is: <i>Maak daardie gogga dood. Die kind is vol goggas</i> , luse. 2. a. Voorwerp of persoon wat lelik is, afsku verwek: <i>Ek wil die gogga nie meer sien nie. Sy het 'n gogga van 'n hoed op gehad.</i> b. Iets waarmee iemand bang gemaak word; paaiboelie: <i>Hy vertel hulle van die kommunistiese gogga.</i> c. Growwe fout: <i>Sy opstel is vol goggas. Taalgoggas.</i> UITDR.: <i>Gogga maak vir baba bang</i> , gesê (a) van iemand wat lelik is; (b) om te kenne te gee dat iets wat jou moes imponeer, eintlik geen indruk maak nie: gog'gajag.	Khoi
Kaboemielies	ka·boe'mie·lies, mv. Ook koeboemielies. Ongebreekte en ongestampte in water gekookte mieliepitte: <i>Die skaapwagter kry elke môre 'n emmertjie kaboemielies saam.</i>	Nguni

Leenwoorde



njannieskapêla - Dit is 'n verafrikaansing van "yinyaniso kaphela" (uit Zulu en Xhosa) wat beteken "dit is net die waarheid".

